PREEKOPSOMMING

Reekstema: Sonskyn, braaivleis … en frizby!
Tema #3: ***"Hoe hou ons 'score'?"***
Teks: Genesis 4:1-7 en Filippense 2:5-11.
Teksvers: ***"Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.***

(Filippense 2:6 en 7)

Datum: 14 Desember 2008.
Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 0573882526/0842568031)

Dink weer oor die LEWE
Aan die einde van die jaar dink ons almal graag oor die LEWE. Ons vergelyk dan ook die lewe van elke dag met 'n spel – 'n spel wat ons ***frizby*** noem. Hoe beter ons saam kan speel hoe beter gaan ons die spel van die lewe speel (tema #1), en hoe meer jy besef dat almal tog foute maak (tema #2), hoe beter gaan jy dié spel speel.

Hoe hou ons "score"?
Hoe hou ons "score" as ons frizby speel? Wie is op die ou einde die wenner in die "game"? Kry die een wat die meeste foute maak die punte? Of kry ander die punte as die een die piering laat val? In die "game" van die lewe is telling-hou baie belangrik. Die "score" of telling definieer die realiteit. Telling sê wat aangaan en wat is aan die gebeure. In alle "games" word "score" gehou. Die telling word deur die reëls bepaal. M.a.w. watter goed moet bereik word om punte te kry. Die reëls bepaal ook wat jy alles moet doen om op die ou einde die wenner te wees.

Hoe kry jy 'n telling?
In Monopoly wen dié een wat die meeste geld het. In rugby kry jy telling op die bord vir elke drie wat gedruk word en 'n skop wat deur die pale gaan. In Golf moet jy kyk of jy die laagste telling kan kry om die wenner te wees. So werk dit in die "game" van die lewe. Ons hou daarvan om "score" te hou. Ons soek gereeld terugvoer. Ons wil weet: ***Hoe doen ek in die lewe? Is my lewe nog op koers?*** Om telling te hou in die lewe gaan so ver terug as Kain en Abel. God neem Abel se offer aan en Kain s'n nie. Hoogswaarskynlik omdat ouboet Kain nie volgens God se instruksies gewerk het nie. Maar ouboet Kain sien dat sy offer nie aangeneem word deur die Here nie. Hy hou "score" en vergelyk sy offer met sy broer s'n. Om te verloor maak hom so kwaad dat hy moord wil pleeg. Vergelyk ook Genesis 30 waar Lea en Ragel (vers 8) so probeer telling hou deur die aantal kinders .... beide was met Jakob getroud. Kyk ook na Genesis 37 van die 12 seuns van Jakob wat "score" gehou het deur te kyk wie pa se gunstelingkind is. In 1 Samuel 18:7 lees ons dat Dawid en Saul "score" gehou het deur te kyk wie die meeste manne op die oorlogsveld verslaan het. Kyk ook na Lukas 12:19 waar die rykman telling hou deur na sy rykdom te kyk.

Telling-houery vandag
Ons hou deesdae "score" deur basies drie goed te doen:
1. Vergelyk met...
Hoe vergelyk ons? Jy neem jou situasie en vergelyk dit met iemand s'n wat beter af is as jy. Of dan vergelyk jy ook jou situasie met mense op dieselfde vlak as jy of met mense wat slegter af is as jy. Al drie vergelykings is vreeslik gevaarlik. Vergelyk jy jou lewe met mense wat beter af

is as jy lei dit tot jalosie. Vergelyk jy jou situasie met mense op dieselfde vlak as jy lei dit tot kompetisie. En vergelyk jy jou situasie met mense slegter af as jy lei dit tot arrogansie.

Deur te vergelyk met mense wat beter af is as jy hoop jy altyd dat jy êrens daar sal kom waar hulle is. Jy hoop jy het ook eendag so mooi motor, of so groot huis. Dit weerhou dankbaarheid in jou lewe. Kyk ons na mense wat slegter af is, sê ons so maklik dat ons darem nie so sleg soos hulle is nie. Ons vloek of steel nie soos hulle nie, daarom gee ons onsself dan goeie punte!

2. In kompetisie met...
Nog ‘n manier om telling te hou is kompetisie. Ek probeer altyd die beste te wees. Niemand mag beter as ek wees nie. Kompetisie is nie opsig self sleg nie. Daar moet kompetisie wees in die lewe. Stel jou enige wedstryd voor waar daar geen kompetisie is nie. Maar ‘n oormaat klem op kompetisie kan ‘n mens vergiftig. Dan begin jy kul, leuens vertel en kort paaie vat. Die groot vraag is dan altyd: ***Wie is die nommer een? Is ek die beste? Is ek die vinnigste? Is ek die slimste?*** Jy wil ten alle koste wen sodat ander kan verloor. En as jy nie wen nie, dan voel jy depressief en af en raak jy gou moedeloos.

3. Klim die leer bo ander...
In die korporatiewe wêreld word daar normaalweg verwys na die leër as ‘n beeld vir sukses en vooruitgang. En dan is die groot motivering om harder te werk en vinniger te werk sodat jy die leër kan uitklim. En daarom is dit nie lekker as iemand wat jonger as jy is die leër vinniger klim en bo jou is nie. En dan het ons alleerhande verduidelikings hoekom ons nog nie bo die ander persoon is nie. Die klim van die leër raak baie gevaarlik as dit ons telling-hou-sisteem word, want dan word die leër eintlik die spel self, jou gesin, jou god. Alles draai om die klim van die leër. Op die leër is jou gesig altyd na bo gerig. Jy sien net die mense bo jou ... wat hoër is as jy. Jy sien net mense wat beter karre as jy ry en groter huis as jy besit. Daarom sien jy nie die mense wat in nood is wat onder jou is nie.

Hoe hou God “score”?
Lees Filippense 2:5-8. Die verhaal van Jesus is nie die verhaal van Iemand wat die leër opklim nie – maar eerder afklim. Jesus was in “die gestalte van God” – Hy was bo-aan die leër. Maar dit het Hy nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklou nie. Hy het al sy regte opgegee om ‘n slaaf te word. Jesus het mens geword – ‘n mens van vlees en bloed. Hy het deel geword van al ons as mense se nood en behoeftes en beperkinge. Die wonderlike is dat God afgekom het. Hy word in ‘n stal gebore (klim nog af) – Hy is gehoorsaam tot in die dood. Sy taak wat Hy gehad het het nie voorblaaie van koerante gehaal nie, maar Hy moes sterf aan ‘n kruis vir mense se sondes. In die oë van die wêreld het Jesus geen “score” gehad nie. Hy was eintlik ‘n verloorder. Maar in vers 9 lees ons: “Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke Naam is....” Diens en om jouself in liefde te gee is die mees goddelikste ding om te doen vir ‘n gewone mens. Jy kry baie punte as jy dien. In Johannes 13 maak Jesus dit duielik dat jy ‘n wenner is as jy ‘n slaaf vir iemand anders kan wees en ander se voete kan was. Jy word groter en groter in God se oë hoe meer jy kan dien en jouself as ‘n slaaf sien. Dit is ‘n snaakse manier van “score”-hou, maar dit is hoe God werk.

Mag die Here jou ryklik seën waar jy ander mense dien en in liefde vir hulle omgee.